# KONSTITUSIE VAN DIE O.V.S.- VETERAANMOTORKLUB

1. **NAAM:**

Die naam van die Klub is die **O.V.S. –VETERAANMOTORKLUB** (Hierna word dit "die Klub" genoem).

2. **REGSPERSOONLIKHEID:**

Die Klub is 'n selfstandige regspersoon, los en afsonderlik geïdentifiseer van sy lede; ten volle in staat en bevoeg om regsgedinge aanhangig te maak of te bestry; om vaste en roerende eiendom te bekom, te besit, te verkoop, te verpand of andersins daarvan afstand te doen en om kontrakte in die naam van die Klub te sluit of onderhandelinge in die naam van die Klub aan te gaan.

3. **HOOFKANTOOR:**

Die hoofkantoor van die Klub sal in Bloemfontein gesetel wees.

4. **DOELSTELLINGE:**

Die doelstellings van die Klub is:

4.1. Die opsporing, herstel, bewaring en bestuur van geskikte voertuie en om kompetisies, uitstallings en ander aktiwiteite te reël ter bevordering van hierdie doelstellings;

4.2. Om hoflikheid op paaie en 'n goeie bestuursvermoë aan te moedig en streng by die padkode en –reëls te hou;

4.3. Om samesprekings, lesings, debate en soortgelyke byeenkomste te hou wat in die belang van lede van die Klub sal wees;

4.4. Om saam te werk deur affiliasie of andersins met ander liggame, instellings of Klubs wat direk of indirek belang het by die motorwese of enige van sy baie fasette;

4.5. Om oor die algemeen alles of enige van die voorgenoemde dinge te doen wat geskik beskou word deur die bestuur ter bevordering van belangstelling by lede asook die publiek.

5. **LIDMAATSKAP:**

5.1. AANSOEK:

Enige persoon of liggaam wat:

5.1.1. die doelstellings van die Klub onderskrywe; en

5.1.2. die belange en die aktiwiteite van die Klub steun en bevorder;

5.1.3. ‘n geskikte outentieke voertuig besit of bereid is om een te bekom mag by die Bestuurskomitee aansoek doen om lidmaatskap. Aansoek om lidmaatskap moet gedoen word op die voorgeskrewe aansoekvorm wat deur die voorsteller en ‘n sekondant onderteken moet word. Die aansoekvorm, tesame met die nodige intreefooi soos omskryf in Klousule 5.6 hiervan moet aan die sekretaris van die Klub gerig word. Buiten in die geval van plattelandse lede moet ‘n voorgestelde lid aan minstens een lid van die bestuurskomitee van die Klub bekendgestel word.

5.2. AANVAARDING OF AFWYSING:

5.2.1. Die reg van toelating as lid word voorbehou en berus by die bestuurskomitee van die Klub, wat na goeddunke sal optree om vas te stel of die aansoeker ‘n geskikte persoon is om as lid aanvaar te word. Die bestuurskomitee kan enige aansoek van die hand wys. Die beslissing van die bestuurskomitee sal finaal wees en geen redes hoef verstrek te word nie. Indien die aansoek afgekeur word sal die sekretaris die aansoeker skriftelik in kennis stel van die bestuurskomitee se besluit en die intreefooi terugbetaal.

5.2.2. Indien die aansoek om lidmaatskap deur die bestuurskomitee van die Klub aanvaar word, word die aansoeker skriftelik deur die sekretaris van die aanvaarding in kennis gestel en van ‘n afskrif van die konsititusie voorsien. Die ledegelde van toepassing kragtens Klousule 5.6 hiervan sal dan onmiddellik betaalbaar wees en by ontvangs daarvan deur die Klub sal aanvaar word dat die lid die konstitusie van die Klub onderskryf en hom of haar daaraan gebonde ag.

5.3. SKORSING:

Enige lid wat hom of haar skuldig maak aan ernstige wangedrag of wie se optrede die goeie naam en die reputasie van die Klub of the Veteraanmotorbeweging in die algemeen sal skaad, kan deur die bestuurskomitee geskors word. Voordat ‘n lid geskors word, moet die volgende bepalings eers nagekom word:

5.3.1. Die bestuurskomitee sal die lid skriftelik versoek om op ‘n bepaalde datum en plek persoonlik voor die komitee te verskyn sodat behoorlik ondersoek ingestel kan word;

5.3.2. Indien die lid sonder grondige rede weier en/of versuim om die ondersoek by te woon, sal die bestuurskomitee die reg kan uitoefen om die lid, sonder meer, in sy of haar afwesigheid, te skors of alternatiewelik om die lid skriftelik of andersins te berispe;

5.3.3. As die bestuurskomitee besluit om die lid te skors, het die lid die reg om die bevinding van die komitee te bevraagteken by wyse van ‘n appél na ‘n spesiale algemene jaarvergadering. In sodanige geval sal die lid binne 14 dae na die bekendmaking van die komitee se bevinding die sekretaris van die Klub skriftelik meedeel dat hy of sy van voornemens is om te appélleer. Die bestuurskomitee sal in sodanige geval binne 30 dae ná ontvangs van die kennisgewing ‘n spesiale algemene jaarvergadering byeenroep. Die volle feite sal aan die spesiale algemene jaarvergadering oorgedra word en die komitee asook die lid sal die reg kan uitoefen om getuies te roep en om ‘n betoog te lewer. Daarná sal die algemene jaarvergadering tot stemming oorgaan en die meerderheidstem sal beslissend wees. In ‘n geval van gelykheid van stemming, sal die Voorsitter oor die beslissende stem beskik.

5.4. KLUBEIENDOM BY STAKING VAN LIDMAATSKAP:

Enige persoon wat ophou om, om welke rede ook al, lid van die Klub te wees sal alle regte, voordele en eise tot die Klub, klubeiendom en klubgelde verbeur en sal alle klubeiendom van watter aard ook al wat aan hom of haar toevertrou is, aan die Klub terugbesorg.

5.5. KLASSIFIKASIE VAN LEDE:

5.5.1. Gewone lede;

5.5.2. Plattelandse lede wat verder as 50km van Bloemfontein woon;

5.5.3. Eggenotes en eggenote van gewone lede wat oor al die vorregte van gewone lede beskik;

5.5.4. Lewenslange lede wat hulself buitengewoon onderskei het in die diens van die Klub en wat op die algemene jaarvergadering tot lewenslange lid verkies word sonder die betaling van toekomstige jaargelde, maar wat steeds die volle regte as lid het;

5.5.5. Erelede wat nie tot die Klub behoort nie, maar wat hulle in so ‘n mate in die belang van die Klub onderskei het en wat op die algemene jaarvergadering tot erelid benoem word;

5.5.6. Juniorlede wat die kinders van gewone lede is, mits hulle nie selfonderhoudend is nie en in besit is van ‘n rybewys.

5.6. LEDEGELDE:

Intreefooie en die jaarlikse ledegelde van al die lede van die Klub sal met ‘n meerderheidstem op die algemene jaarvergadering vasgestel en/of gewysig kan word, met dien verstande dat ‘n skriftelke kennisgewing van wysiging van die ledegelde minstens 14 dae voor die datum van die algemene jaarvergadering aan die lede gestuur word. By toelating tot lidmaatskap word ‘n intreefooi gehef met die jaarlikse ledegelde daarna. Elke lid moet sy of haar ledegelde binne twee maande van die datum van die algemene jaarvergadering aan die penningmeester van die Klub oorbetaal. Die bestuurskomitee kan egter besluit om die twee maande-tydperk te verleng in besondere gevalle.

5.6.1. As ‘n lid langer as ses maande agterstallig is met sy of haar jaarlikse ledegelde is, sal hy of sy outomasies ophou om lid van die Klub te wees en sal hy of sy weer aansoek om lidmaatsakp moet doen en ‘n intreefooi betaal indien die aansoek aanvaar word.

5.6.2. Indien ‘n klublid verhuis en ononderbroke lid van ‘n ander klub binne die oumotorbeweging was, hoef hy of sy by sy of haar terugkeer en hertoelating tot die Klub nie ‘n intreefooi te betaal nie.

5.6.3. Die finansiële jaar van die Klub strek van 1 November tot 31 Oktober van die daaropvolgende jaar. Indien ‘n lid na 1 Mei tot die Klub toegelaat word, hoef hy of sy net 50% van die jaarlikse ledegelde van die betrokke boekjaar te betaal.

5.6.4. Plattelandse lede betaal ‘n kleiner bedrag, soos bepaal op die algemene jaarvergadering.

## 6. **BESTUUR:**

### 6.1. BESTUURSKOMITEE:

Die bestuur van die Klub sal gevestig wees in die bestuurkomitee wat bestaan uit vyf lede. Die Voorsitter, Sekretaris, Penningmeester en twee addisionele lede word jaarliks op die algemene jaarvergadering deur die lede by wyse van geheime stemming verkies. Bykomstige bestuurslede, met ‘n maksimum van twee, kan deur die bestuurskomitee by wyse van koöptering aangestel word, met dien verstande dat hierdie bestuurslede slegs stemming sal hê op sake wat sy/haar portefeulje raak. Geen lid kan tot die bestuurskomitee verkies word indien hy/sy minder as ses maande lid van die Klub is.

As ‘n lid van die komitee bedank, sal die bestuurskomitee geregtig wees om ‘n ander bestuurslid in die plek van die uittredende lid by wyse van koöptering aan te stel. Indien enige komiteelid van drie agtereenvolgende komiteevergaderings sonder grondige verskonings wegbly, of ten tye van sy/haar dienstermyn nalaat om vier vergaderings by te woon, sal hy/sy outomaties uit sy/haar pos geskors word, maar kan nogtans vir heraanstelling oorweeg word.

'n Kworum van die bestuurskomitee sal bestaan uit meer as die helfte van die aantal bestuurslede. Indien die bestuurskomitee, vir watter rede ookal, ophou om te fungeer, sal die kuratorskap van die bestuurskomitee en Klub oorgedra word aan die President en SAVVA verteenwoordiger van die Klub.

6.2. NOMINASIES:

Slegs skriftelike nominasies vir bestuurslede sal oorweeg word. Die nominasie vorms, behoorlik voltooi en onderteken deur die genomineerde, voorsteller en sekondant, kan tot onmiddellik voor die aanvang van die jaarvergadering by die sekretaris ingehandig word.

## 7. ALGEMENE JAARVERGADERING:

'n Algemene vergadering van die klublede moet jaarliks in Novembermaand gehou word en dié vergadering staan bekend as die algemene jaarvergadering. Alle ander ledevergaderings word algemene vergaderings genoem. Die algemene jaarvergadering geskied met kennisgewing van minstens 14 (VEERTIEN) dae voor dié vergadering.

## 8. SAKELYS VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING:

Die volgende sake moet op die algemene jaarvergadering bespreek word:

8.1. Die voorlegging, bespreking en aanvaarding van:

8.1.1. Die notule van die vorige algemene jaarvergadering asook enige ander algemene vergaderings wat gedurende die betrokke jaar gehou is;
8.1.2. Die balansstaat en inkomste- en uitgawestate;
8.1.3. Die verslag van die bestuur oor die doen en late van die voorafgaande jaar;
8.1.4. Die verslag van die VMSA-raadslid.

8.2. Die verkiesing van die nuwe bestuurskomitee en ampsdraers.

8.3. Ander sake van belang.

## 9. SPESIALE ALGEMENE VERGADERING:

Op ontvangs van 'n geskrewe versoek wat aan die voorsitter of sekretaris van die Klub gerig is en wat deur nie minder nie as 20 persent van die klublede onderteken is en waarin die oogmerke en die doel van sodanige vergadering uiteengesit is, sal die bestuurskomitee 'n spesiale algemene vergadering belê. Binne veertien dae na ontvangs van die versoek sal die sekretaris 'n

kennisgewing uitstuur waarin die oogmerke van sodanige vergadering uiteengesit is en sodanige kennisgewing moet minstens sewe dae voor die spesiale algemene vergadering aan alle klublede gestuur word.

Die bestuurskomitee kan ook te eniger tyd na goeddunke ‘n spesiale algemene vergadering belê en die skeretaris moet in sodanige geval ‘n soortgelyke kennisgewing soos hierbo uiteengesit aan al die klublede stuur.

10. **ALGEMENE NOODVERGADERING:**

In die gevalle waar die bestuurskomitee ‘n spoedeisende noodvergadering of voorgenome besluit op ‘n algemene jaarvergadering aan klublede wil voorlê, kan sodanige vergadering met kennisgewing van minder as sewe dae gehou word en kan sodanige kennisgewing by wyse van enige kommunikasie-medium geskied.

11. **KWORUM VIR ‘N ALGEMENE VERGADERING:**

Vyf-en-twintig persent van die klublede, uitgesonderd die plattelandse lede wat persoonlik teenwoordig en bevoeg is om te stem, vorm ‘n kworum vir elke algemene vergadering. As ‘n kworum van lede nie teenwoordig is nie, sal die vergadering ‘n week later plaasvind op dieselfde dag en plek soos deur die voorsitter bepaal.

Nieteenstaande enigiets hiervoorafgaande vervat sal die getal lede by die uitgestelde vergadering ‘n kworum vorm, selfs as dit minder is as die genoemde 25% van die aantal lede. Net sake wat vir die vorige vergadering bestem was, sal by die uitgestelde vergadering onder bespreking kom en oor gestem word.

Enige besluit wat geneem word deur die meerderheid van die klublede wat op enige algemene vergadering persoonlik teenwoordig is, sal op al die lede van die Klub bindend wees.

12. **VOORSITTER BY VERGADERINGS:**

Die verkose voorsitter sal bevoeg wees om die voorsitterstoel in te neem by algemene- en komiteevergaderings. As hy of sy nie binne tien minute na die vasgestelde tyd opdaag nie of weier om voor te sit, sal die ondervoorsitter in sy of haar plek optree en indien die ondervoorsitter ook nie teenwoordig is nie sal een van die komiteelede verkies deur die vergadering die voorsitterstoel vir daardie betrokke vergadering inneem.

13. **STEMMING:**

Elke lid is geregtig op een stem by die algemene jaarvergadering, behalwe in die geval van gelykheid van stemme, in welke geval die voorsitter die beslissende stem sal hê. 'n Lid moet minstens drie maande lid van die Klub wees alvorens hy of sy geregtig sal wees om te kan stem op enige algemene jaarvergadering.

14. **MAGTE VAN VOORSITTER:**

Die voorsitter en sekretaris van die Klub, behoorlik daartoe gemagtig deur die bestuurskomitee, het die volle reg daartoe om namens die Klub te dagvaar of om enige regsgeding wat teen die Klub ingestel mag word, te verdedig. Tot dié doel het die voorsitter die reg om enige prokurasie en ander regsdokumente te teken.

15. **MAGTE VAN DIE BESTUURSKOMITEE:**

Die komitee het die volgende bykomende magte:

15.1. Om tot die voordeel van die Klub en sy doelstellings roerende of onroerende eiendom aan te koop of te verkoop met dien verstande dat indien die transaksie 'n bedrag oorskry wat gelykstaan aan 15% van die Klub se bates, die komitee eers die toestemming verkry op 'n spesiale of algemene vergadering van klublede.

15.2. Om in hul absolute diskresie prokureurs, ouditeure, agente, sekretarisse, skeidsregters, beamptes en enige ander persoon of persone aan te stel vir permanente en spesiale dienste na doeddunke van die bestuurskomitee en hulle met sodanige magte te beklee. Die komitee het voorts die reg om sodanige persone se mandaat te bepaal, asook hul vergoeding na goeddunke vas te stel en te verander.

15.3. Om enige regsgeding namens die Klub in te stel, te verdedig, te skik, te laat vaar of andersins in hul absolute diskresie daarmee te handel. Die komitee het voorts die reg om uitstel te verleen vir die betaling van enige skuld aan die Klub, asook enige eis ten opsigte van die Klub.

15.4. Om enige geld in hul absolute diskresie namens die Klub te belê met dien verstande dat die komitee nie persoonlik aanspreeklik sal wees vir enige verliese as gevolg van sodanige beleggings nie.

15.5. Om ‘n bankrekening en of ander rekening namens die Klub te open en te opereer met dien verstande dat alle tjeks deur die penningmeester en een ander lid van die komitee onderteken moet word.

16. **WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE:**

Die lede kan die konstitusie van die Klub verander, herroep of wysig in welke mate hulle goed mag dink met dien verstande dat ‘n meerderheid van twee derdes van die lede teenwoordig op ‘n algemene vergadering ten gunste van sodanige verandering, herroeping of wysiging is. Voordat die konstitusie gewysig, herroep of verander kan word, moet skriftelik kennisgewing van sodanige voorgestelde wysigings minstens veertien dae voor die vergadering aan alle lede gegee word.

17. **NOTULES:**

Die nodules van alle vergaderings, hetsy algemene vergaderings of bestuursvergaderings moet deur die sekretaris afgeneem word en in ‘n behoorlike notuleboek gehou word. Op die daaropvolgende vergadering moet die voorsitter en die sekretaris die nodules as korrek sertifiseer na aanvaarding daarvan deur die algemene vergadering of die komitee vergadering, na gelang van die betrokke geval.

18. **REKENINGS:**

Die penningmeester sal sekuur boekhou van al die geldelike sake van die Klub en dit op versoek voorlê op komiteevergaderings. Hy of sys al voorts daartoe verplig wees om balansstate op die algemene jaarvergadering voor te lê. Die boeke van die Klub moet deur die rekenmeester of ouditeur voor die algemene jaarvergadering nagesien word.

Die penningmeester het die reg om, sonder verwysing na die bestuurskomitee, gewone en normale uitgawes aan te gaan ten aansien van posgeld, korrespondensie en ander uitgawes wat betrekking het op die gehoorlike bestuur en funksionering van die Klub. Alle ander uitgawes en onkostes kan alleenlik deur die skriftelike magtiging van die voorsitter aangegaan word.

19. **UITLEG VAN KONSTITUSIE:**

In die geval van enige onduidelikheid of dispuut met betrekking tot die uitleg van die konstitusie sal die bestuurskomitee se vertolking daarvan finaal en bindend op lede wees.

20. **VRYWARING VAN KOMITEE EN AMPTENARE:**

Die lede van die Klub vrywaar die bestuurskomiteelede en enige ander amptenare van die Klub, wat namens die Klub optree, teen die gevolge van alle redelike ooreenkomste en odernemings wat namens die Klub en ten behoewe van die Klub aangegaan is met die goedkeuring van die bestuurskomitee.

21. **VOERTUIE:**

Motors, handelsvoertuie en motorfietse wat binne die klassifikasie van die Veteraan-motorvereniging van Suider-Afrika val, sal tot klubbedrywighede en kompetisies toegelaat word, met dien verstande dat:

21.1. Die komitee sekere afsluitdatum vir sekere kompetisies en sekere klubaktiwiteiete kan bepaal;

21.2. Dat die voertuie voldoen aan die vereiste standard van restourasie.

22. **ENKELVOUD/MEERVOUD:**

Behalwe in teenstelling met die inhoud van die konstitusie sluit die verwysing na die enkelvoud ook die meervoud in.

23. **VERANTWOORDELIKHEID VIR SKADE:**

Die Klub sal onder geen omstandighede aanspreeklik en verantwoordelik gehou word vir enige skade en/of beserings aan enige van sy lede of amptenare nie.

24. **TWEETALIGHEID:**

Dit word ooreengekom dat so ver moontlik van twee van die ampstale by vergaderings gebruik gemaak sal word.

25. **BYWETTE:**

Die Klub sal van tyd tot tyd die reg hê om die konstitusie aan te vul deur die byvoeging van bywette. Die prosedure met betrekking tot die wysiging van die konstitusie sal ook van toepassing wees by die aanvaarding van enige bywette.

26. **ONTBINDING VAN KLUB:**

26.1. Die Klub mag ontbind word, of saamsmelt met 'n ander klub met dieselfde doelstellings, maar in elke geval slegs,

26.1.1. Indien so besluit deur die meerderheid van lede teenwoordig by 'n behoorlik saamgestelde algemene vergadering; of

26.1.2. Op aansoek na 'n Geregshof deur enige lid op grond van die feit dat die Klub nie meer aktief is nie en nie in staat is om sy doelstellings na te kom nie; of

26.1.3. Indien Wetgewing afgekondig word wat die voortbestaan van die Klub onmoontlik maak.

26.2. In geval van samesmelting sal die bates van die Klub aanwas by dié van die klub waarmee saamgesmeld word.

26.3. By ontbinding sal enige eiendom, geld of bates wat oorbly nadat die Klub se skulde betaal is nie oorbetaal word aan of verdeel word onder die lede van die Klub nie, maar sal dit oorgedra word aan die Suid-Afrikaanse Veteraanmotorvereniging (SAVVA). Hierdie vereniging sal einde sodanige eiendom, geld of bates na goeddunke hou of van die hand sit in belang en tot voordeel van die oumotor beweging.

27. **PRESIDENT:**

27.1. Enige lid met tenminste tien jaar ononderbroke lidmaatskap van die Klub, en tenminste twee jaar diens as komiteelid van die Klub, kan as president verkies word.

27.2. Die president is geregtig om alle komiteevergaderings by te woon, om aan besprekings deel te neem en om stemreg uit te oefen op die vergadering.

27.3. Die president tree op as beelddraer van die Klub by openbare geleenthede en rapporteer aan die voorsitter en klubkomitee.

27.4. Die president vorm nie deel van die klubkomitee nie, en indien die klubkomitee bedank, sal die president die bestuur van die Klub oorneem en ‘n tussentydse komitee aanwys, welke komitee die Klub sal bestuur totdat ‘n spesiale algemene vergadering, soos deur die konstitusie bepaal, plaasvind.

27.5. Die president word vir ‘n termyn van vyf jaar verkies;